

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Woensdag, 17 Mei 1967

WINDHOEK

Wednesday, 17 May 1967

No. 2793

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

ONTWERPORDONNANSIES

DRAFT ORDINANCES

Verdere Wysigingsontwerpordonnansie op Paaie 1967 . . . 793
Strafproseswysigingsontwerpordonnansie 1967 795
Huwelikswysigingsontwerpordonnansie 1967 797
Verdere Wysigingsontwerpordonnansie op Onderwys 1967 799
Wysigingsontwerpordonnansie op Staatshospitale 1967 . . . 805

Roads Further Amendment Draft Ordinance, 1967 . . . 794
Criminal Procedure Amendment Draft Ordinance, 1967 . 796
Marriage Amendment Draft Ordinance, 1967 798
Education Further Amendment Draft Ordinance, 1967 . 800
State Hospitals Amendment Draft Ordinance, 1967 . . . 806

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Paaie 1962 om voorsiening te maak vir die oprigting van heinings aan weerskante van hoof-, groot- en distrikspaaie en omskepping van heinings in jakkalsdraadheinings en dat geen vergoeding vir die uitkakeling van motorroosterhekke betaal word nie.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 41 van Ordonnansie 23 van 1962 soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 16 van 1963, artikel 13 van Ordonnansie 27 van 1965 en artikel 1 van Ordonnansie 6 van 1966.

1. Artikel 41 van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur die vervanging van subartikel (3) deur die volgende subartikel:—

„(3) (a) Wanneer 'n eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas 'n hoof-, groot- of distrikspad wat oor sy plaas loop aan weerskante wil afkamp sodat die noodsaaklikheid van motorroosterhekke in heinings oor daardie pad onnodig is, kan hy skriftelik by die Administrateur daarom aansoek doen en die Administrateur kan die aansoek goedkeur op voorwaarde dat die betrokke heinings moet voldoen aan die standarde wat van tyd tot tyd deur hom bepaal word en voorts op voorwaardes wat hy goedvind: Met dien verstande dat geen vergoeding betaal word aan die betrokke eienaar, huurder of bewoner ten opsigte van weidingsverlies of koste van voorsiening van water as gevolg van die oprigting van sodanige heinings nie.

(b) Die Administrateur kan as sodanige eienaar, huurder of bewoner die heinings wat ten tyde van die aansoek nodig was om die betrokke pad aan weerskante af te kamp ingevolge paragraaf (a) tot bevrediging van die Hoof Paaie-Ingenieur opgerig het, toestem om tot die helfte van die werklike koste bereken teen 'n tarief soos van tyd tot tyd deur hom bepaal, ten opsigte van die oprigting van sodanige heinings wat ten tyde van die aansoek nodig was om die pad aan weerskante af te kamp, by te dra.”

Wysiging van artikel 42 van Ordonnansie 23 van 1962 soos gewysig by artikel 4 van Ordonnansie 16 van 1963, artikel 5 van Ordonnansie 6 van 1964, artikel 2 van Ordonnansie 6 van 1966 en artikel 3 van Ordonnansie 4 van 1967.

2. Artikel 42 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (3) die woorde „word daar nie soos by subartikel (3) van artikel *een-en-veertig* bepaal vergoeding vir die uitkakeling van hekke betaal nie, maar” te skrap;

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:—

„(4) Waar die eienaar, huurder of bewoner van 'n plaas aansoek doen om 'n heining wat ingevolge hierdie artikel of artikel 41 (3) opgerig is of enige heining langs 'n hoof-, groot- of distrikspad om te skep in 'n jakkalsdraadheining, kan die Administrateur sodanige aansoek goedkeur op voorwaardes wat hy goedvind, en as die eienaar, huurder of bewoner sodanige omskepping tot bevrediging van die Hoof Paaie-Ingenieur uitgevoer het, kan die Administrateur toestem om tot die helfte van die werklike koste bereken teen 'n tarief soos van tyd tot tyd deur hom bepaal ten opsigte van sodanige omskepping by te dra.”

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Verdere Wysigingsordonnansie op Paaie 1967, en tree in werking op 'n datum deur die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1962, to provide for the erection of fences on both sides of trunk, main and district roads and the conversion of fences into jackalproof fences and to provide that no compensation shall be paid for the elimination of motor grid gates.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 41 of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:—

“(3) (a) Whenever an owner, lessee or occupier of a farm wishes to fence off on both sides any trunk, main or district road traversing his farm, so that motor grid gates across that road are unnecessary, he may in writing apply to the Administrator therefor, and the Administrator may approve such application on condition that the fences concerned shall comply with the standards determined by him from time to time and further on such conditions as he may deem fit: Provided that no compensation shall be paid to the owner, lessee or occupier concerned in respect of loss of grazing or any cost of providing water as a result of the erection of such fences.

(b) The Administrator may, if such owner, lessee or occupier has in terms of paragraph (a) to the satisfaction of the Chief Roads Engineer erected the fences necessary, at the time of the application, to fence off the road concerned on both sides, agree to contribute up to half of the actual cost, calculated at a tariff determined by him from time to time, in respect of the erection of such fences which, at the time of the application, were necessary to fence off such road on both sides.”

2. Section 42 of the principal ordinance is hereby amended —

- (a) by the deletion in sub-section (3) of the words “compensation for the elimination of gates shall not be paid as provided for in sub-section (3) of section *forty-one* but”;
- (b) by the insertion of the following sub-section after sub-section (3):—

“(4) Where the owner, lessee or occupier of a farm makes application to convert any fence erected in terms of this section or section 41 (3) or any fence along a trunk, main or district road into a jackalproof fence, the Administrator may approve such application on conditions which he may deem fit and if the owner, lessee or occupier has executed such conversion to the satisfaction of the Chief Roads Engineer, the Administrator may agree to contribute up to half of the actual cost, calculated at a tariff determined by him from time to time, in respect of such conversion.”

3. This ordinance shall be called the Roads Further Amendment Ordinance, 1967, and shall come into operation on a date to be determined by the Administrator by proclamation in the *Official Gazette*.

Amendment of section 41 of Ordinance 28 of 1962 as amended by section 3 of Ordinance 16 of 1963, section 13 of Ordinance 37 of 1965 and section 1 of Ordinance 6 of 1966.

Amendment of section 42 of Ordinance 28 of 1962 as amended by section 4 of Ordinance 16 of 1963, section 5 of Ordinance 6 of 1964, section 2 of Ordinance 6 of 1966 and section 3 of Ordinance 4 of 1967.

Short title.

ONTWERPORDONNANSIE

ter wysiging van die Strafprosesordonnansie 1963 om voorsiening te maak vir die instelling van 'n hêrhof en verbandhoudende aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met toestemming van die Staatspresident, dermate sodanige toestemming nodig is, vooraf verkreë en deur boodskap van die Administrateur aan die Wetgewende Vergadering meegedeel ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 van die Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925 (Wet 42 van 1925) van die Republiek van Suid-Afrika, VERORDEN:—

Wysiging van artikel 113 van Ordonnansie 34 van 1963, soos vervang deur artikel 9 van Ordonnansie 35 van 1965.

1. Artikel 113 van die strafprosesordonnansie 1963 (Ordonnansie 34 van 1963) word hierby gewysig deur die vervanging van subartikel (2) deur die volgende subartikel:—

„(2) Minstens een van die persone wat ingevolge subartikel (1) as 'n assessor aangestel word moet 'n advokaat van die Hooggeregshof wees met minstens vyf jaar ervaring as sodanig of iemand wat die amp van landdros in die Republiek of in die Gebied bekleë of bevoeg is om dit te bekleë en die ander assessor wat aldus aangestel word kan 'n persoon wees wat na die oordeel van die regter bedrewe is in een of ander onderwerp wat waarskynlik by die verhoor oorweeg sal moet word.”.

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Strafproseswysigingsordonnansie 1967.

DRAFT ORDINANCE

to amend the Criminal Procedure Ordinance, 1963, to provide for the constitution of a superior court and for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Legislative Assembly by message from the Administrator in accordance with the provisions of section 26 of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925) of the Republic of South Africa, as follows:—

1. Section 113 of the Criminal Procedure Ordinance, 1963 (Ordinance 34 of 1963) is hereby amended by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:—

Amendment of section 113 of Ordinance 34 of 1963, as substituted by section 9 of Ordinance 35 of 1965.

“(2) At least one of the persons appointed as an assessor under sub-section (1) shall be an advocate of the Supreme Court of not less than five years standing or a person holding or qualified to hold within the Republic or the Territory the office of magistrate and the other assessor so appointed may be a person who, in the opinion of the judge, has skill in any matter which may have to be considered at the trial.”.

2. This ordinance shall be called the Criminal Procedure Amendment Ordinance, 1967.

Short title.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Huweliksordonnansie 1963, om voorsiening te maak vir die geldigheid in die Gebied van 'n kennisgewing van voorneme om te trou gepubliseer en 'n spesiale huwelikslisensie uitgereik in die Republiek van Suid-Afrika.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Invoeging van artikel 17A in Ordonnansie 33 van 1963.

1. Die volgende artikel word hierby ingevoeg na artikel 17 van die Huweliksordonnansie 1963 (Ordonnansie 33 van 1963):—

„Kennisgewing van voorneme om te trou gepubliseer en spesiale huwelikslisensie uitgereik in die Republiek van Suid-Afrika geldig in die Gebied.

17A. (1) 'n Kennisgewing van voorneme om te trou gepubliseer of 'n spesiale huwelikslisensie uitgereik in die Republiek van Suid-Afrika, word by die toepassing van hierdie ordonnansie geag gepubliseer of uitgereik te gewees het, na gelang in die Gebied, maar 'n huweliksbevestiger mag nie na aanleiding daarvan 'n huwelik voltrek nie tensy aan hom die voorgeskrewe bewys voorgelê word dat die kennisgewing of lisensie behoorlik gepubliseer of uitgereik is, na gelang, ooreenkomstig die reg van die genoemde Republiek.

(2) Die bepalings van artikel 19 is *mutatis mutandis* met betrekking tot sodanige kennisgewing of lisensie van toepassing.”

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Huwelikswysigingsordonnansie 1967 en word beskou as in werking van die eerste dag van Januarie 1964.

DRAFT ORDINANCE

To amend the Marriage Ordinance, 1963 to provide for the validity in the Territory of a notice of intention to marry published and a special marriage licence issued in the Republic of South Africa.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The following section is hereby inserted after section 17 of the Marriage Ordinance, 1963 (Ordinance 33 of 1963):—

Insertion of section 17A in Ordinance 33 of 1963.

"Notice of intention to marry published and special marriage licence issued in the Republic of South Africa valid in the Territory.

17A. (1) A notice of intention to marry published or a special marriage licence issued in the Republic of South Africa, shall for the purposes of this Ordinance be regarded as having been so published or issued, as the case may be, in the Territory, but a marriage officer shall not solemnize any marriage in pursuance thereof unless there is produced to him the prescribed proof that such notice or licence was duly published or issued, as the case may be, according to the law of the said Republic.

(2) The provisions of section 19 shall *mutatis mutandis* apply with reference to such notice or licence."

2. This ordinance shall be called the Marriage Amendment Ordinance, 1967 and shall be deemed to have come into operation on the first day of January, 1964.

Short title.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Onderwysordonnansie 1962 om voorsiening te maak vir die erkenning van onderwys-ondervinding opgedoen in sekere private skole; om verder voorsiening te maak in verband met die opvoeding van afwykende kinders en vir die regstelling van sekere spelfoute.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 27 van 1962.

1. Artikel 2 van die Onderwysordonnansie 1962 (Ordonnansie 27 van 1962) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig deur in die woordomskrywing van „skool” die woorde „of deur die Departement erken” na die woord „ondersteun” in te voeg.

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 27 van 1962.

2. Artikel 10 (8) (c) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „paragraph” deur die woord „paragraph” te vervang.

Wysiging van artikel 15 van Ordonnansie 27 van 1962.

3. Artikel 15 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „intertested” deur die woord „interested” te vervang.

Wysiging van artikel 17 van Ordonnansie 27 van 1962.

4. Artikel 17 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Afrikaanse teks die woord „standard” deur die woord „standerd” te vervang.

Wysiging van artikel 40 van Ordonnansie 27 van 1962.

5. Artikel 40 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in die Afrikaanse teks van subartikel (1) (a) (iv) die woord „the” deur die woord „die” te vervang;

(b) deur in die Engelse teks van subartikel (2) na die woord „referred” die woord „to” in te voeg.

Wysiging van artikel 44 van Ordonnansie 27 van 1962.

6. Artikel 44 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „our” deur die woord „out” te vervang.

Wysiging van artikel 45 van Ordonnansie 27 van 1962.

7. Artikel 45 (6) (b) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Afrikaanse teks die woord „Onderwysers” deur die woord „Onderwyser” te vervang.

Wysiging van artikel 46 van Ordonnansie 27 van 1962.

8. Artikel 46 (viii) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Afrikaanse teks die woord „or” deur die woord „of” te vervang.

Wysiging van artikel 53 van Ordonnansie 27 van 1962.

9. Artikel 53 (4) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „renumeration” waar dit ook al voorkom deur die woord „remuneration” te vervang.

Wysiging van artikel 54 van Ordonnansie 27 van 1962.

10. Artikel 54 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die uitdrukking „(2) to (5)” deur die uitdrukking „(ii) to (v)” te vervang.

Wysiging van artikel 59 van Ordonnansie 27 van 1962.

11. Artikel 59 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „suspect” deur die woord „subject” te vervang.

Wysiging van artikel 63 van Ordonnansie 27 van 1962.

12. Artikel 63 (2) (e) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „correspondence” deur die woord „correspondence” te vervang.

Wysiging van artikel 81 van Ordonnansie 27 van 1962.

13. Artikel 81 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

DRAFT ORDINANCE

To amend the Education Ordinance, 1962, to provide for the recognition of teaching experience gained in certain private schools; further to make provision in respect of the education of deviate children and for the correction of certain spelling mistakes.

—

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

- | | |
|---|---|
| <p>1. Section 2 of the Education Ordinance, 1962 (Ordinance 27 of 1962) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended by the insertion in the definition of “school” after the word “Administrator” of the word “or recognized by the Department”.</p> | <p>Amendment of section 2 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>2. Section 10 (8) (c) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “paragraph” of the word “paragraph”.</p> | <p>Amendment of section 10 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>3. Section 15 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “intertested” of the word “interested”.</p> | <p>Amendment of section 15 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>4. Section 17 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the word “standard” of the word “standerd”.</p> | <p>Amendment of section 17 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>5. Section 40 of the principal ordinance is hereby amended —</p> <p style="margin-left: 20px;">(a) by the substitution in the Afrikaans text of sub-section (1) (a) (iv) for the word “the” of the word “die”;</p> <p style="margin-left: 20px;">(b) by the insertion in the English text of sub-section (2) after the word “referred” of the word “to”.</p> | <p>Amendment of section 40 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>6. Section 44 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “our” of the word “out”.</p> | <p>Amendment of section 44 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>7. Section 45 (6) (b) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the word “Onderwysers” of the word “Onderwyser”.</p> | <p>Amendment of section 45 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>8. Section 46 (viii) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the word “or” of the word “of”.</p> | <p>Amendment of section 46 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>9. Section 53 (4) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “rcnumeration” wherever it occurs of the word “remuneration”.</p> | <p>Amendment of section 53 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>10. Section 54 (2) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the expression “(2) to (5)” of the expression “(ii) to (v)”.</p> | <p>Amendment of section 54 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>11. Section 59 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “suspect” of the word “subject”.</p> | <p>Amendment of section 59 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>12. Section 63 (2) (e) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “corespondence” of the word “correspondence”.</p> | <p>Amendment of section 63 of Ordinance 27 of 1962.</p> |
| <p>13. Section 81 of the principal ordinance is hereby amended —</p> <p style="margin-left: 20px;">(a) by the substitution in sub-section (3) for the words</p> | <p>Amendment of section 81 of Ordinance 27 of 1962.</p> |

like onderneming van die betrokke ouer verkry waarin sodanige ouer onderneem om die kind buitengewone onderwys soos deur hierdie ordonnansie beoog in 'n klas of skool soos met die Departement ooreengekom te laat ontvang en sodanige onderneming is van krag totdat die kind aan die vereistes vir verpligte skoolbesoek soos bepaal in artikel 86 (1) voldoen het, tensy die Departement kragtens artikel 87 anders besluit" te vervang;

- (b) deur in subartikel (4) die woorde „Die Direkteur ondersoek dan die saak op sodanige wyse" deur die woorde „Indien die ouer nie bereid is om die onderneming in subartikel (3) gencem aan te gaan nie, of nadat hy dit aangegaan het, nie binne 'n voorgeskrewe tydperk uitvoering daaraan gee nie, lê die bevoegde beampte sy verslag aan die Direkteur voor, wat dan die saak op sodanige wyse ondersoek" te vervang.

Wysiging van artikel 82 van Ordonnansie 27 van 1962.

14. Artikel 82 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur in die Engelse teks die woord „eight-one" deur die woord „eighty-one" te vervang.

Wysiging van artikel 86 van Ordonnansie 27 van 1962.

15. Artikel 86 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur na subartikel (2) die volgende nuwe subartikel (3) in te voeg:—

„(3) 'n Kind wat ingevolge artikel 81 (3) op die skriftelike onderneming van sy ouer 'n spesiale skool besoek, kan deur die Departement toegelaat word om nadat hy aan die vereistes vir verpligte skoolbesoek soos bepaal in subartikel (1) voldoen het, sodanige skool verder te besoek: Met dien verstande dat indien die Direkteur op grond van 'n sertifikaat deur 'n bevoegde beampte uitgereik, oortuig is dat dit in belang van so 'n kind is om verder 'n spesiale skool te besoek kan hy van die ouer verlang om verder te onderneem dat sy kind sodanige skool tot hoogstens sy negentiende verjaardag sal besoek: Voorts met dien verstande dat indien sodanige ouer sou weier om die gevraagde onderneming aan te gaan, of nadat hy dit aangegaan het nie binne 'n voorgeskrewe tydperk uitvoering daaraan gee nie, die Direkteur sodanige kind as 'n kind wat ingevolge subartikel (1) 'n afwykende kind is, kan beskou en in welke geval die bepaling van subartikel (2) ten opsigte van sodanige kind *mutatis mutandis* van toepassing sal wees;

- (b) deur die bestaande subartikel (3) na (4) te hernoem en die uitdrukking „subartikel (1) of (2)" wat daarin voorkom deur die uitdrukking „subartikel (1), (2) of (3)" te vervang;
- (c) deur die bestaande subartikel (4) na (5) te hernoem en die woord „Direkteur" wat daarin voorkom deur die woord „Departement" te vervang.

Wysiging van artikel 87 van Ordonnansie 27 van 1962.

16. Artikel 87 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woord „Direkteur" deur die woord „Departement" en die woord „hy" deur die woord „dit" te vervang.

Wysiging van artikel 91 van Ordonnansie 27 van 1962.

17. Artikel 91 van die hoofordonnansie word hierby gewysig —

- (a) deur in subartikel (1) (d) (iii) na die woorde „artikel *ses-en-tagtig*" die woorde „en genoemde subartikel (2) soos by subartikel (3) van artikel *ses-en-tagtig* toegepas" in te voeg;
- (b) deur in subartikel (3) na die woorde „artikel *ses-en-tagtig*" die woorde „en in genoemde subartikel (2) soos by subartikel (3) van artikel *ses-en-tagtig* toegepas" in te voeg.

Wysiging van artikel 106 van

18. Artikel 106 (1) van die hoofordonnansie word

from the parent concerned in which such parent undertakes to have the child receive special education as contemplated in this ordinance in a class or school as agreed with the Department, and such undertaking shall be binding until the child has complied with the requirements for compulsory school attendance as provided in section 86 (1), unless the Department decides otherwise under section 87”;

- (b) by the substitution in sub-section (4) for the words “The Director shall thereupon investigate the matter” of the words “If the parent is not prepared to conclude the undertaking mentioned in sub-section (3), or, after he has concluded it, does not within a prescribed period implement such undertaking, the competent officer shall submit his report to the Director who shall then investigate the matter”.

14. Section 82 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution in the English text for the word “eight-one” of the word “eighty-one”.

Amendment of section 82 of Ordinance 27 of 1962.

15. Section 86 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 86 of Ordinance 27 of 1962.

- (a) by the insertion after sub-section (2) of the following new sub-section (3):—

“(3) A child which attends a special school under section 81 (3) on the written undertaking of its parent may be allowed by the Department to continue attending such school after it has complied with the requirements for compulsory school attendance as provided in sub-section (1): Provided that if the Director on the grounds of a certificate issued by a competent officer is satisfied that it is in the interest of such child to continue attending a special school he may require the parent further to undertake that his child attend such school up to but not after its nineteenth birthday: Provided further that if such parent refuse to conclude such undertaking or, after he has concluded such undertaking, does not within a prescribed period implement such undertaking, the Director may deem such child to be a deviate child in terms of sub-section (1), in which case the provisions of sub-section (2) shall *mutatis mutandis* apply in respect of such child;

- (b) by the renumbering of the existing sub-section (3) to read (4) and the substitution for the expression “sub-sections (1) or (2)” occurring therein of the expression “sub-section (1), (2) or (3)”;
- (c) by the renumbering of the existing sub-section (4) to read (5) and the substitution for the word “Director” occurring therein of the word “Department”.

16. Section 87 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the word “Director” of the word “Department” and for the word “he” of the word “it”.

Amendment of section 87 of Ordinance 27 of 1962.

17. Section 91 of the principal ordinance is hereby amended —

Amendment of section 91 of Ordinance 27 of 1962.

- (a) by the insertion in sub-section (1) (d) (iii) after the words “section *eighty-six*” of the words “and the said sub-section (2) as applied by sub-section (3) of section *eighty-six*”;
- (b) by the insertion in sub-section (3) after the words “section *eighty-six*” of the words “and in the said sub-section (2) as applied by sub-section (3) of section *eighty-six*”.

18. Section 106 (1) of the principal ordinance is

Amendment of

Wysiging van
artikel 113 van
Ordonnansie 27 van
1962.

19. Artikel 113 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „wat die ouderdom van twee jaar bereik het maar nie die ouderdom van ses jaar bereik het nie” deur die woorde „wat by sodanige skool ingeskryf is: Met dien verstande dat die finansiële bystand nie verleen sal word ten opsigte van 'n leerling wat nog nie die ouderdom van twee jaar bereik het nie of na die einde van die jaar waarin hy die ouderdom van ses jaar bereik het nie” te vervang.

Kort titel.

20. Hierdie ordonnansie heet die Verdere Wysigings-
ordonnansie op Onderwys 1967.

19. Section 113 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the words "who have reached the age of two years but not the age of six years" of the words "who are enrolled in such school: Provided that such financial aid shall not be rendered in respect of a pupil who has not reached the age of two years or after the end of the year in which he has reached the age of six years".

Amendment of
section 113 of
Ordinance 27 of
1962.

20. This ordinance shall be called the Education Further Amendment Ordinance, 1967.

Short title.

ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Staatshospitale 1966, om voorsiening te maak dat hospitale, inrigtings vir die opleiding van medici, verpleegsters, paramedici en ander aanverwante beroepe, en laboratoria wat dienste lewer aan sekere inrigtings en/of sodanige beroepe, insluit, en om voorsiening te maak vir verbandhoudende sake.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 17 van 1966.

1. Artikel 2 van die Ordonnansie op Staatshospitale 1966 (Ordonnansie 17 van 1966) — hierna die hoofordonnansie genoem-, word hierby gewysig deur die woordbepaling van „hospitaal” deur die volgende woordbepaling te vervang:—

„beteken ‚hospitaal’ enige inrigting, insluitende ’n kraaminrigting, ’n aansterkingstehuis, ’n kliniek en enige ander plek hoegenaamd waar persone behandeling of hospitaaldienste as binne en/of buitepasiënte ontvang; enige inrigting vir die opleiding van medici, verpleegsters, paramedici en enige ander verwante beroep; enige laboratorium wat dienste aan enige sodanige inrigting en-of beroep lewer, en omvat dit alle ander dienste wat met enige sodanige inrigting en beroep gepaard gaan, maar sluit dit uit ambulansdienste en ook ’n spreekkamer, behandelingskamer, apteek, laboratorium of opleidingsinrigting van ’n geneesheer waar slegs buitepasiënte behandel word, en waar sodanige geneesheer uitsluitlik sy private praktyk beoefen en dienste uitsluitlik ten behoeve van sy eie praktyk en pasiënte lewer.”

Wysiging van artikel 31 van Ordonnansie 17 van 1966.

2. Artikel 31 (3) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende woorde aan die einde daarvan by te voeg:—

„’n Registrasiesertifikaat uitgereik ten opsigte van ’n opleidingsinrigting genoem in die woordbepaling van ‚hospitaal’ in artikel 2 moet die doel van die betrokke opleiding en die maksimum getal leerlinge wat gelyktydig in sodanige inrigting opgelei kan word en enige ander bepaling wat die Administrateur by regulasie voorgeskryf het, vermeld, en so ’n sertifikaat uitgereik ten opsigte van ’n laboratorium genoem in die genoemde woordbepaling van ‚hospitaal’ moet die aard en omvang van die betrokke dienste wat deur sodanige laboratorium gelewer moet word en enige ander bepaling wat die Administrateur by regulasie voorgeskryf het, vermeld.”

Kort titel.

3. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Staatshospitale 1967.

DRAFT ORDINANCE

To amend the State Hospitals Ordinance, 1966, in order to make provision that hospitals include institutions for the training of medical practitioners, nurses, paramedical practitioners and other relevant professions, and laboratories that render services to certain institutions and/or such professions, and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 2 of the State Hospitals Ordinance, 1966, (Ordinance 17 of 1966), hereinafter referred to as the principal ordinance, is hereby amended by the substitution for the definition of "hospital" of the following definition:—

Amendment of section 2 of Ordinance 17 of 1966.

" 'hospital' means any institution including a maternity home, a convalescent home, a clinic and any other place whatever where persons receive treatment or hospital services as in- and/or out-patients; any institution for the training of medical practitioners, nurses, paramedical practitioners and any other relevant profession; any laboratory that renders services to any such institution and/or profession, and includes all other services incidental to any such institution and profession, but excludes ambulance services and also the consulting room, surgery, dispensary laboratory or training institution of a medical practitioner where solely out-patients are treated, and where such medical practitioner exclusively carries out his private practice and renders services exclusively in favour of his own practice and patients".

2. Section 31 (3) of the principal ordinance is hereby amended by the addition of the following words at the end thereof:—

Amendment of section 31 of Ordinance 17 of 1966.

"A registration certificate issued in respect of a training institution mentioned in the definition of 'hospital' in section 2, shall state the purpose of the particular training and the maximum number of students that can be trained simultaneously in such institution, and any other stipulation prescribed by the Administrator by regulation, and such certificate issued in respect of a laboratory mentioned in the said definition of "hospital" shall state the nature and extent of the particular services to be rendered by such laboratory and any other stipulation prescribed by the Administrator by regulation."

3. This ordinance shall be called the State Hospitals Amendment Ordinance, 1967.

Short title.